# I.M.S.

UNIVERSITEITSBIBLIOTEEK
UNIVERSITEIT VAN STELLENBOSCH
21 AUG 1961
UNIVERSITY OF STELLENBOSCH
UNIVERSITY LIBRARY

No. 22. STELLENBOSCH, September 1947.

## 1. HIERDIE NOMMER.

Van tyd tot tyd het die begeerte ontstaan om iets te vertel uit die geskiedenis van Stellenbosch, maar daar is nooit hieraan gevolg gegee nie omdat dit gevoel is dat daar dringender sake was om te behandel. Waar 'n verkiesing van raadslede gehou word op 1 September, is dit tans 'n goeie geleentheid om iets uit die verlede mee te deel. Dit kan miskien gevoel word dat die September-uitgawe moes verskyn na die verkiesing, dog omdat dit etlike dae neem om 'n uitgawe op te stel en uit te stuur en ook omdat die nuwe Raad tyd sal nodig hê om sy beleid te bepaal, word hierdie nommer tans tog uitgestuur. Of I.M.S. in die toekoms nog sal verskyn, kan dan later uitgemaak word.

## 2. 'N STELLENBOSSCHE ONDERWYSER, SY SKOONSEUN EN DRIE GEBOUE OP DIE DORP.

Ons begin met te sê dat die drie geboue is die Lutherse Kerk op die hoek van Dorp- en Birdstraat, die Moederkerk van die N.G. Gemeente en die ou Kollege-gebou in Ryneveldstraat. Die skoonseun is die argitek en/of boumeester van die geboue soos sal blyk uit sy gedenkskrif wat bewaar gebly het, maar tot dusver slegs in die familiekring bekend was. Die stuk is vir ons afgeskryf deur 'n kleinseun van die boumeester. Ons begin nie met die lewe van die genoemde boumeester nie, maar met sy skoonvader, die onderwyser Nicolaas Janssen.

Janssen was 'n private onderwyser wat in 1820 op Stellenbosch begin skoolhou het. Hy moes kompeteer met twee skole wat regeringsteun gekry het. Een was die Engelse skool van die onderwyser P. Martinson, wat sy werk in 1817

begin het en wie se skool nie gehandhaaf is na die koms van eerw. Brown nie, wat hier 'n Engelse vryskool kom stig het. 'n Mens sou Brown se skool ook 'n Somerset-skool kon noem want dit was niemand minder dan die Goewerneur wat hom vir die soort skool beywer het nie. In Brown se skool het Janssen 'n gedugte mededinger gehad. Janssen s'n was 'n private skooltjie en die kinders moes skoolgeld betaal; Brown s'n was skoolgeld-vry en die troetelkind van die regering en Brown self was hooggeleerd en spesiaal vir die doel uitgesoek.

Janssen moes voorts kompeteer met die plaaslike Hollandse skool waarin Van der Poel die onderwyser was. Laasgenoemde was 'n bekende skoolmeester en het reeds sy spore elders verdien. Op Stellenbosch was hy die opvolger van G. van Coppenhagen. Van der Poel se skool was die ou beproefde staatskerkskooltjie wat sedert die sewentiende eeu hier bestaan het en waarin sulke beroemde meesters as Anthonie en Abraham Faure, Christiaan Krynauw en George Knoop gewerk het.

Janssen het nie sy skool skelmpies geopen nie, maar die skoolkommissie gevra of hy dit mag doen. Sy aansoek is nie geweier nie en dus begin hy hier werk in 1820. Hy het kosgangers ingeneem en sy dag- en koskool was gevestig in Kerkstraat, op die plek waar die apteek van Lennon tans aangetref word. Die gedugte opposisie wat hy ondervind het, het hom nie uit die veld geslaan nie. Reeds in 1828 het Van der Poel se skool leeggeloop terwyl Brown en sy opvolgers ook nie vir Janssen kon uitstof nie. Janssen het baie sukses behaal en sy persoonlike netheid het allerweë die aandag getrek. In 1828 het die Skoolkommissie besluit om hom 'n geskenk aan te bied, en wel 'n silwer snuifdoos. By 'n skoolkommissie-vergadering is die geskenk op plegtige wyse oorhandig.

Een van Janssen se leerlinge was Johannes Henoch Neethling, wat in 1859 predikant geword het van die plaaslike N.G. Gemeente. Ons mag seker aanneem dat die jong Neethling goed bekend sal gewees het met Janssen se dogter en graag kennis sal gemaak het met haar man toe hy (Neethling) op Stellenbosch kom werk het. Die jong dominee sal seker sy ou skoolvriendin en haar eggenoot (C.O. Hager) spoedig opgesoek het. Dit sal in elk geval blyk dat daar 'n vrugbare samewerking tussen die argitek-boumeester Hager en die dominee Neethling was

## 3. WIE WAS DIE SKOONSEUN HAGER?

Carl Otto Hager is in 1813 in Dresden gebore, die jongste van vier kinders. Toe hy maar drie jaar oud was, is sy vader oorlede. Om die lewensomstandighede van die familie te vergemaklik het sy moeder kosgangers ingeneem. Een van die kosgangers was 'n kunsskilder wat ook lesse aan die jong Hager gegee het en by hom sy aangebore talent tot uiting gebring het. Die kind was maar sieklik en het baie skool versuim. Mettertyd het dit dan ook geblyk dat hy nie vir studie in die wieg gelê was nie. Op veertienjarige leeftyd bevind hy hom dan nie in 'n hoërskool nie, maar in 'n akademie waar hy die argiteksvak bestudeer. Sy kursus het dit meegebring dat hy in sy vakansie ook self moes messel of timmer. Hager het voorkeur gegee aan messel. Toe hy op 21-jarige leeftyd die akademie verlaat, het hy gehoop om werk te vind, dog tevergeefs. Eindelik het hy tereg gekom by 'n teater waar hy die dekorasies moes skilder. Hier het hy geleentheid gekry om hom toe te lê op die skilder van portrette, 'n kuns wat hy ook later op Stellenbosch beoefen het.

Op 25-jarige leeftyd het Hager na Suid-Afrika gekom en nadat hy 'n ruk in die Kaap gewerk het, het hy hom na Stellenbosch begewe. Van sy aankoms op Stellenbosch skrywe hy as volg: (Hager se spelling en taal is onverander weergegee, slegs die interpunksie is verbeter en woorde wat die leser vreemd mag voorkom, is tussen hakies verduidelik). Hager skryf dan:-

"En groode Boeren waagen met acht Parden bespand vervoerde mij, erst door de Kapsche Vlaagde (Vlakte), destcets een waare Zandwoesteen. Inn den achtermittag kamen wij op een hoogde, genaamt, de Stellenbosch Kloovt, waar wij still hielten; ik was de eijnigste Pasasier. Ik, klom uit de Waagen. Voor mij hatte ik int Verschiet het gesicht van die prachtige Bergen van Stellenbosch, Jonkershoek en Dragenstijn en voor en onder my een uitgestrekte Daal beplant met Vijngaardens en Plantaschies en in het mitten het Dorp Stellenbosch. Het lijkte op de afstand als een Paradees, een gevoel vann Wiemoet bekruipte mij, ik gedacht aan mij Vaterland, enn een gevoel van Vorspelling zeijde mij, dat dit een plaas van Rust, op de Aarde voor mij wezen zo (zou).

## 4. DIE LUTHERSE KERKIE.

Hager vertel self:

"In de teed (tyd) worde een Klijne Lutherische Gemende gesticht (gemeente gesticht) op Stellenbosch, en daar het nodich waas (was) om ok ein Kerk te bauwen, ging men rond bij all de Lutherane om Geld te kollekteren. Ik, bood aan om in plaas van Geld, eene Plaan vor het gebauw te geven, welks aangenomen werd, maar daar men mij van deze zijde niet genoeg kende, waren ok van andere Architekte plaanen gefragd, doch bij de innlevering hatten mij Plaanen de voorkuir (voorkeur), en ik worde voor de uitvoering van het werk voor een Kleine Salaris amploiert (geëmplojeerd).

## 5. DIE MOEDERKERK.

Ons laat Hager weer aan die woord.

"In het Jaar 1861, vond menn dat die Oude Kerk van de gereformerde gemeende te Stellenbosch, te kleijn waas, en menn besloot tot eine Vergroding.

Deze zaak worde op gedragen aan een bekende Architect van de Kapstad, die ..... £50, vor de Plaanen vroeg; zekere Procente, van het Capital voor zijn verdere bestuur (toesig) en wode ok noch een Klerk, of Work (en wou ook een Clerk of Works) aanstellen voor eene tamelik goede Selaaris. De Architect kaam naar buiten, en liet de vergroding rond om de Kerk af steeken.

De Geminde befont (gemeente bevond) dat het vell te Klijn waas. Er ontstond ontevreedenheit, en de Ontevredene Partij, begeerde lievers een geheele neuwe Kerk in het mitten van het Dorp.

Eer (Er) waaren onder de Ingezeetenen doch (toch) eijnige die met my Kundigheede bekent waas. Deze vroegen mij om eene Plaan te maken voor eine neuwe Kerk bestemd voor het mitten van het Dorp. ......

Met een bittende hard ging ik aan het Werk, en makte niet allyn (alleen) de Plaanen maar ok ein Klijne Model van de Kerk. Bijna all de inngezetenen van Stellenbosch kamen om het Modell te bezien, en waren verbaast over het kunstwerk. Er worde (Daar is) eine groode gemende Vergatering (gemeentevergadering) beroepen. De opkomst was grood, en ik was gefraagd mij plaane en Model aan te bieden.

Met allgemijne Stem worden mij plaanen, dor (door) de Gemende aan genomen, enn deses Notoeleert, en ik waas in my hart dankbaar, doch eene neuwe teluirstelling wachte mij. Eer worde gefragt wij (Daar is eerst gevraagd wie) voor de Vergroding van de Oude Kerk waas. Er waas bijgaans niemand die de hand op steekte. Toen verklaarde de Voorzitter, dat hei (hy) de gemeende noch nie Rijp vond om te bauwen en bedankte zij (hen); ek konn naar heus gaan.

Ds Nethling die my tot tusver allijn als Artist en Portraitmaaker gekent hatte, hatte by det Vorfall (dit voorval) mij ok als Architect leeren kennen. Kort naar deze gebuirtnis, worde eine Kerkeraads vergatering gehooden, en ik worde

beopdragd (my is opgedragen) eene Plaan te maken, van een Vergrooding van de Oude Kerk, eenigstens beperkt, volgis opgaav (volgens opgaaf).

Ik ging aan het werk en gav mij alle muite (moeite) om aan de goede verwachting te beantwoorden. Het gelukte mij dan ok zo veer (ver) dat my Plaane dr (door) de Voorzitter en Kerkraad good gekeuirt worden, maar ik moest mij onderwerpen dat mijne Plaane, erst noch door de twee ersten Architekten aan de Kaapstadt zouden onderzucht worden. Gelukkig waren die bijde Heeren erlich (eerlik) genoch om mij Werk naar onderzoek van twe Dagen voor Corect te Verklaaren.

Voor eene zeer bescheidene Salaris nam ik toen aan om inn alle verdere behoevtens te vorzien en de Opzicht te hooden (houden) over het Werk ......

Ds Nethling hatte veel gezien op zijne rijsen dor Europa en hei was door zijnen natourlik gouten smaak mij veel tot hulp. Naar zijn Voorstell makte ik ok de Plaan voor eine neuwe Prekstoel (preekstoel) welke ook onder mij lijding ten uitvoer gebracht is.

In het Jaar 1863 was de Kerk van Stellenbosch volltoit (voltooid). De Innwyding geschide met groode Plegdigheet. Overall was ik inn betroken (betrokken). Ik ontving gelukwenschen van all de tegenwordich zynde Predikanden, en van de geheele Gemeende, voor dit eerste groode werk dor mij verricht, en des anderen daags verzamelde zich de Kerkraad bij mij Wooning, mij eine Adrees aanbiedente, verzellt, door eine Buirs (Beurs) ruim met Got stuken (goudstukken) gevult.

Dit waas de Wendelpunt (keerpunt) van mij leeven. De Kuranten waaren voll om alles te vermelden. Zelvs Veirzen (versen) hatte zij op mij en het werk geschreeven, en mij Naame worde daar door bekent door de geheele Kollonie.

Men zo (zou) kunnen zeggen waarom ik nit (niet) all lang als Architect, opgetreden was. Tenn antwoord diene, dat ik meermale mij Dienste bij groode Werke heb aangebooten, maar daar ik de Englische Taal niet machtig was, worde ik van de hand gewezen."

6. DIE VIKTORIA-KOLLEGE.

Van die optrek van die Hoofgebou vertel Hager nie baie nie. Dit is egter duidelik uit wat hy sê dat hy die plan opgetrek het en ook die boumeester was. Hy deel die volgende mee:

"Mijn geachte Vrind, en welldoener, Ds. Nethling zag ook dat ik noch vrisch genog waas om iets te onderneemen; darom vroeg hij mij om de Plaanen te maken voor de neuwe Collegie te Stellenbosch, en verder het Werk onder mij opzicht te neemen, welds (welk) ik ok aangenomen heb, voor een beschijden Salaris, aangezien het op Stellenbosch is, en tot nutt van het allgemeen.

Zoo zijn dan wederom twee Jaaren onder drukte van Werk vergaan (voorbygegaan) en het voor de Collonie gedenkwaardige Jahr 1882 spoede ten einde."

Die relaas van rampe wat die kolonie oorval het, gee ons nie hier aan nie. Mnr. Hager vertel egter dat as gevolg van geldskaarste die aanbou tydelik gestaak moes word. Uit sy stuk lyk dit nie asof hy die gebou voltooi het nie.

7. ANDER WERK VAN HAGER EN 'N VERSOEK.

In sy lewensoorsig vertel die ywerige werker ons dat hy alles-tesame 10 Kerke gebou het, o.a. die te Piketberg en Caledon. Oor hierdie werk van hom, kan ons hier nie uitwei nie. Graag bedank ons sy seun, mnr. C.O. Hager van Grikwastad, wat toegelaat het dat sý seun groot gedeeltes uit die MS afskrywe en verder toegestem het dat ons een-en ander mag publiseer.

En nou die versoek. Ons argitek en boumeester het ook geskilder. Hy het o.a. die portret van sy skoonvader, die onderwyser Janssen, geskilder. Sou die portret nie miskien nog op Stellenbosch wees nie? Dit word vertel dat Janssen nie met die skildery tevrede was nie, maar nadat sy dogter hom verseker het dat dit 'n geslaagde stuk werk was, daarvan begin hou het.

Lesers wat ons informasie kan gee van die Hagers of van ander ou beroemde karakters van Stellenbosch, kan gerus en asseblief hul informasie stuur aan die Redakteur van I.M.S., Stadhuis, Stellenbosch.